# Hoofstuk 10

## Die lot van *Die Volkstem* en Engelenburg se laaste jare, 1932-1938

### Inleiding

*Die Volkstem* se agteruitgang en Lorraine Engelenburg se dood in 1932 het sy tol van Engelenburg se gesondheid geëis. Ná ŉ beroerte-aanval kort ná Lorraine se dood het Engelenburg na Amerika gereis, waar hy ŉ paar weke in die Johns Hopkins-Hospitaal opgeneem is. In dieselfde jaar het hy na Suid-Afrika teruggekeer. Hy het hom aan alle openbare geleenthede onttrek en stil in sy huis tussen sy boeke deurgebring. Hy het deur middel van briefwisseling met sy vriende en familie kontak behou. Engelenburg was die laaste ses jaar van sy lewe te oud en sieklik om *Die Volkstem* weer een van die voorste koerante in die land te maak. Die koerant het sedert 1925 ŉ oorlewingstryd gevoer wat uiteindelik tot sy sluiting in 1951 gelei het.

### Hartseer in Het Witte Huis

Aan die einde van 1931 het die direkteure van die Wallach's-maatskappy met hulle rug teen die muur gestaan. Die maatskappy se ouditeur, L. Taylor, het aan Louis Esselen geskryf:

> I have again to bring to your notice the serious financial state of affairs of your company.[1]

Die direkteure het onder spanning verkeer en besef dat indien iets drasties nie gebeur nie, dit die einde van die maatskappy en van *Die Volkstem* sou wees. Vir Engelenburg, wat sedert 1889 vir die koerant gelewe het en dit as ŉ florerende besigheid bedryf het, moes dit veel erger gewees het om die koerant se naderende ondergang te sien. Op 16 November 1931 het hy aan Leyds geskryf dat die koerant se belangrikste bron van inkomste, naamlik advertensies, gaandeweg verdwyn het. Indien ŉ wonderwerk nie plaasvind nie

> ... zal ik nog moeten meewerken tot sluiting van de 'Volkstem' – waarmee ikzelf zo goed als vereenzelvigd ben! U kunt verstaan hoe zodanig eventueel vooruitzicht mij pijnigt![2]

---

[1] Unisa-argief, Pretoria, SAP- en VP-versameling (Charles Wallachversameling), L. Taylor – L. Esselen, 30.10.1931.

Leyds was geskok toe hy van die moontlike sluiting van *Die Volkstem* gehoor het. Hy kon dit nie begryp nie. As *Die Volkstem* nie meer kon voortgaan nie, hoe kon die ander Afrikaanse koerante dit regkry om te bly bestaan? Die eintlike vraag was: "Ligt het aan de richting die de 'Volkstem' in de politiek volgt?"[3] Engelenburg het waarskynlik besef dat Leyds reg was. Die feit dat die koerant ná al die jare steeds die mondstuk van die Suid-Afrikaanse Party was, kon een van die oorsake wees dat die lesertal deur die jare skerp afgeneem het. Verder het die groot ekonomiese depressie (1929-1933) sy tol geëis. Dit was nie meer lonend om in *Die Volkstem* te adverteer nie. Engelenburg het allerlei redes probeer vind waarom *Die Volkstem* swak gevaar het, maar die werklike rede wou hy nie erken nie, naamlik dat die koerant steeds die mondstuk van die Suid-Afrikaanse Party was, terwyl baie ondersteuners van dié party oorgeloop het na die Nasionale Party. Engelenburg het aan Leyds geskryf dat ŉ paar Afrikaanse koerante kon bestaan weens kontrakte wat hulle gekry het. *Die Burger* het ŉ voordelige kontrak gekry vir die uitgee van die parlementêre Hansard, *Ons Vaderland* het subsidies gekry van die Natalse suikerboere en ander regeringsvriende, *Ons Land* en ŉ paar maand- en weekblaaie het gesluit. Gelukkig het die redaksionele en administratiewe personeel van *Die Volkstem* meegewerk om die krisis te oorkom en hul bes gedoen om die koerant te steun, te meer omdat die politieke prestige van die koerant hoog gebly het.[4]

Op 17 Desember 1931 het die direkteure na ŉ strooihalm gegryp en aan generaal Smuts geskryf om finansiële bystand. Weens die aansienlike vermindering van inkomste uit advertensies sou die direkteure van die Wallach's-maatskappy genoodsaak wees om aan die einde van daardie Desember die uitgee van *Die Volkstem* te staak indien onmiddellike voorsiening vir geldmiddele nie gemaak word nie. Die direkteure het verplig gevoel om generaal Smuts nie onkundig te laat in verband met die sorgwekkende situasie nie en hulle het ŉ dringende beroep op hom gedoen om bystand.[5]

---

2 Nationaal Archief (NA), Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg, Pretoria – W.J. Leyds, 16.11.1931.

3 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, W.J. Leyds, Den Haag – F.V. Engelenburg, Pretoria, 09.12.1931.

4 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg, Pretoria – W.J. Leyds, 30.12.1931.

5 Unisa-argief, Pretoria, SAP- en VP-versameling (Charles Wallachversameling), L. Mishscke, F.V. Engelenburg, I. Wallach, J. Hofmeyr – J.C. Smuts, 17.12.1931.

Terwyl Engelenburg te kampe gehad het met die koerant se finansiële kwellinge, het dit by die huis nie beter gegaan nie. Sy vrou was steeds bedlêend. Hoewel sy nie gedink het dat dit ernstig was nie, was Engelenburg minder optimisties en het hy op 7 Desember aan Leyds geskryf: "... Ik kan de bezorgdheid niet van mij afschudden."[6] Twee dae later het hy weer aan Leyds oor sy vrou se siekte geskryf en gesê dat hy nie optimisties was dat sy sou herstel nie.[7] Op 20 Januarie 1932 het Engelenburg vir Leyds laat weet dat sy vrou pas, na 'n siekbed van enkele maande, oorlede is.[8] Ná Engelenburg se finale uittrede agt maande tevore om meer tyd saam met haar deur te bring, het Lorraine op 49-jarige leeftyd ná 'n huwelik van agt jaar in die teenwoordigheid van haar eggenoot gesterf.[9] Volgens 'n inskrywing in die grafboek by die Rebeccastraat-begraafplaas was die oorsaak van haar dood karsinoom.[10] Sy is op 21 Januarie, 'n dag ná haar dood, begrawe deur die begrafnisondernemers Grobbelaar en Seuns.[11] In 'n berig dieselfde middag in *Die Volkstem* is melding gemaak van die groot skare vriende en verteenwoordigers van verskillende plaaslike en ander liggame wat die laaste eer aan die oorledene kom bewys het. Onder die aanwesiges was Pretoria se burgemeestersvrou, mev. K. Malherbe, mnr. J. van Sighem (Nederlandse konsul) en sy vrou, mnr. F.J. Lunnon, stadsklerk Fred Nicholson, mnr. en mev. Louis Esselen, mnr. Izaak Wallach, mnr. N. van Malsen, dr. S.P. Engelbrecht, dr. en mev. N.C. Gey van Pittius, mnr. Gerard Moerdijk, mnr. J.L. van Schaik, mnr. en mev. H.C. de Kock en vele ander. Die stoet het van Het Witte Huis vertrek en die draers by die woning was I. Wallach, W. Pilkington, N. van Malsen, J. van Nouhuys, L. Esselen en meneer Middleton. By die graf was die draers C.S. Coetzee, J. van Sighem, D.K. Frank, dr. Gey van Pittius, R.J. van Buuren en H.C. de Kock. By die graf van sy ontslape eggenote het Engelenburg self die rede gehou. Dit was in die omstandighede volgens 'n berig in *Die Volkstem* 'n meesterlike orasie, kort maar kragtig. Engelenburg het die aanwesiges bedank vir hulle teenwoordigheid en gewys op die vol lewe wat

---

6 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg, Pretoria – W.J. Leyds, 07.12.1931.
7 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg, Pretoria – W.J. Leyds, 09.12.1934.
8 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg, Pretoria – W.J. Leyds, 20.01.1932.
9 NASA, Pretoria, Transvaalse Argiefbewaarplek (TAB), Argief van die meester van die Hooggeregshof (MHG), vol. 77272, Sterfbrief van Lorraine Engelenburg, 20.01.1932.
10 Karsinoom of kanker.
11 Rebeccastraat-begraafplaas, Grafboek 1.1.1923-29.05.1933.

die oorledene gelei het. Sy het smart geken, dog ook vreugde. Lorraine het in allerlei sake groot belangstelling getoon en sy was 'n mensliewende persoon.[12]

Volgens dié berig het die oorledene haar verheug in 'n wye vriendekring. Haar innemende geaardheid en persoonlike belangstelling in die wel en wee van elkeen met wie sy in aanraking gekom het, het mense na haar toe getrek. Sy het haar die lot van die minderbevoorregtes aangetrek en haar kragte ingespan tot bevordering van die welsyn van haar medemens. Lorraine was 'n ywerige werker in die openbare belang en sy was 'n onbaatsugtige en ywerige lid van verskeie verenigings wat hulle ook in daardie rigting beywer het. Deur haar heengaan het die Louis Botha-kinderhuis 'n groot vriendin verloor. Sy was ook bestuurslid van die Isipingo-hersteloord vir leerlinge. Lorraine het intelligente belangstelling in vrouesake getoon en was 'n prominente lid van die Nasionale Vroueraad, sowel as van die Pretoriase Vroueklub.[13] Onder die talle kranse wat ontvang is, was ook dié van die stadsraad van Pretoria, die Nasionale Vroueraad, die Pretoriase Vroueklub, die Staatsbibliotekaris en personeel, die personeel van die Louis Botha-tehuis, mnr. en mev. George Heys (twee gesiene Pretorianers in wie se woning die Vrede van Vereeniging in 1902 onderteken is), regter en mev. N.J. de Wet en die redaksielede van *Die Volkstem* en *Pretoria News*.[14] Ook die Akademie het 'n krans gestuur.[15]

Ten spyte van Lorraine se verlede, wat vol teenstrydighede was en wat nie almal kon begryp nie, het die groot skare belangstellendes by haar begrafnis getuig van die gemeenskap se gehegtheid aan hierdie vrou en ook hulle agting vir Engelenburg.[16] Sy was klaarblyklik 'n uitsonderlike vrou, maar waarom het Engelenburg eers op 61-jarige leeftyd na 'n baie lang verhouding met haar getrou? Mev. L.G. Liesching, wat Engelenburg in sy laaste jare as verpleegsuster bygestaan en hom intiem leer ken het, het vas geglo dat hy vroeër van die huwelikstaat afgeskrik is deur sy eie

---

12 Anon., "Mevr. Lorraine Engelenburg", *Die Volkstem*, 21.01.1932.
13 Anon., "Mevr. Lorraine Engelenburg", *Die Volkstem*, 21.01.1932.
14 Anon., "Mevr. Lorraine Engelenburg", *Die Volkstem*, 21.01.1932.
15 AEA, Bloemfontein, S.A. Akademieversameling, PV917, vol. 17, F.V. Engelenburg – Sekretaris van die Akademie, 23.01.1932.
16 Gus Cluver, "Die Lorraine Engelenburg-sage II: Pretoria het oor háár getreur", *Die Transvaler*, 30.04.1986.

ouers se ongelukkige huwelikslewe.[17] Of kon dit wees dat hy skrikkerig was om met ŉ vrou te trou wat reeds twee mislukte huwelike op haar kerfstok gehad het?

Otto Husemeyer (1914-1998), ŉ weeskind[18] wat in Zwartruggens op skool was en in die koshuis[19] ingewoon het, het ook van Lorraine se dood verneem en in ŉ brief met Engelenburg gesimpatiseer. Dit wil voorkom of Engelenburg en sy vrou die seun soms met vakansietye by hulle aan huis gehad het en dat hy ŉ ruk voor haar dood iets verkeerds gedoen het, waarna die egpaar vir hom kwaad was. Husemeyer het geskryf dat Lorraine altyd so lief vir hom was. Hoewel sy die laaste tyd vir hom kwaad was, het hy nog altyd aan haar gedink.

> Miskien is u ook nog kwaad vir my maar ek neem die reg om voor u te skrywe omdat dood tog maar weer van almal vriende maak.[20]

Engelenburg het wel op die seun se brief geantwoord, want op 3 Februarie het die seun Engelenburg vir sy brief bedank en geskryf dat hy weet hoe dit voel om alleen te wees. Hoe ouer hy word, hoe meer het hy sy ouers gemis. Hy het selfs die vakansie toe hy by een van sy maats was en gesien het hoeveel liefde daar in die huis was, so ver gegaan as om te huil. Die seun was toe al in matriek, maar kon die trane nie verhelp nie.[21]

Op 26 Januarie 1932, ses dae ná Lorraine se dood, het die Akademieraad in die kantoor van Gerard Moerdijk vergader.[22] Op 30 Januarie het Engelenburg ŉ brief aan die weesheer geskryf waarin hy die waarde van Lorraine se boedel genoem het. Hy het daarmee saam hulle huwelikskontrak ter kennisname gestuur en geskryf dat sy oorlede vrou na die beste van sy wete geen erfgename gehad het nie. Op dieselfde dag het hy ŉ verklaring insake eventuele skulde van die boedel geskryf:

---

17 R. Stead, "Dr. F.V. Engelenburg" in *Lantern*, 13(3), Maart 1964, p. 20.

18 Otto Alfred Leeuwner Husemeyer se ouers is tydens die Groot Griep van 1918-1920 oorlede. Telefoniese navraag Linda Brink: Mnr. Husemeyer se kleinseun, Neels Husemeyer van Swartruggens, 25.08.2014. Die grieppandemie was besonder dodelik en minstens 50 miljoen mense het wêreldwyd gesterf.

19 Die koshuis vir seuns op Swartruggens was van 1922 tot 1957 in die NG Kerk se pastorie ingerig en is "Rosamea" gedoop. (Anon., "Paul Bosman Koshuis: Geskiedenis", http://www.ruggie.co.za, [geraadpleeg op 23.08.2014]).

20 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, vol. 27, O. Husemeyer – F.V. Engelenburg, 26.01.1932.

21 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, vol. 27, O. Husemeyer – F.V. Engelenburg, 03.02.1932.

22 Notule van die Akademieraad op 26.01.1932 in *Bulletin* (van die SA Akademie) 6(2), Maart 1932, p. 3.

> Ek, ondergetekende, onderneem hierby om verantwoordelik te bly vir alle skulde in bogenoemde boedel.

Lorraine se boedel was nie groot nie en het uit die volgende bestaan: klerasie, ens. (£35.0.0); juwele (£25.0.0); skryftafel en ornamente (£7.10.0); boekrak en boeke (£5.0.0); teestel en ander kleinighede (£2.10.0); kontant in die huis ten tyde van haar dood (£1.16.5); kontant in die bank (£50.12.10). Totale waarde: £127.12.10.[23] Op 1 Februarie 1932 het die meester van die hooggeregshof aan Engelenburg geskryf dat hy die bestuurder van die Nederlandse Bank gevra het om die kontantbedrag van £50.16.0, behorende aan die boedel, in Engelenburg se bankrekening in te betaal. Daarmee saam het hy ŉ inbetalingsbewys van die bank aan Engelenburg gestuur, asook die huwelikskontrak wat laasgenoemde teruggevra het.[24]

**Engelenburg se gesondheid kry ŉ terugslag**

Lorraine se dood was vir Engelenburg ŉ groot slag omdat hy ŉ jarelange vriendin en eggenote verloor het. Hy het ook onder geweldige spanning verkeer as gevolg van die finansiële posisie van *Die Volkstem*. Al die spanning, by die huis en by die werk, het uiteindelik sy tol geëis en vroeg in Februarie 1932 het Engelenburg ŉ ligte beroerte-aanval gekry. Leyds se brief van meegevoel oor Lorraine se afsterwe het hy op 10 Februarie aan Engelenburg geskryf, nog onbewus van Engelenburg se beroerte-aanval. Hy was besorg oor Engelenburg wat alleen agtergebly het en eensaam moes voel. Hy het geen benul gehad hoe Engelenburg sy lewe ná Lorraine se dood sou inrig nie. Dit het Leyds leed aangedoen dat hy Engelenburg in geen enkele opsig van hulp kon wees nie.[25]

Die Akademieraad, met Engelenburg as voorsitter, het weer op 16 Februarie 1932 in die kantoor van Gerard Moerdijk vergader. Die volle raad was teenwoordig.[26] Engelenburg wou daarna wegkom uit Pretoria, waar almal hom geken het, en het besluit om per skip na die Verenigde State van Amerika te reis. Hy het gedink dat die lang seereis hom goed sou doen. Hy het

---

23 NASA, Pretoria, TAB, MHG, vol. 77272/32, boedellêer van Lorraine Engelenburg.

24 NASA, Pretoria, TAB, MHG, vol. 77272/32, boedellêer van Lorraine Engelenburg.

25 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, W.J. Leyds, Den Haag – F.V. Engelenburg, 10.02.1932.

26 Nota met die hand ingeskryf in *Bulletin* (van die SA Akademie) 6(2), Maart 1932, p. 3. Volgens die nota het die Raad op 16 Februarie 1932 vergader en was die volle raad aanwesig.

waarskynlik deur middel van Louis Leipoldt van die Johns Hopkins-Universiteitshospitaal in Baltimore te hore gekom, wat bekend was vir die behandeling van pasiënte wat beroerte gehad het, pasiënte met breinbeserings of breingewasse, en trouens pasiënte met alle aandoenings van die senuweestelsel.[27] Die universiteitshospitaal het in 1876 sy deure oopgemaak. Teen die end van die 19de eeu was Amerikaanse mediese opleiding in 'n chaotiese toestand. Die meeste mediese skole was weinig meer as 'n ambagskool. Dit was dikwels makliker om toegang tot een van hierdie mediese skole te verkry as tot 'n kollege wat kunste aanbied. Die opening van die Johns Hopkins-Hospitaal het 'n nuwe era ingelei, gekenmerk deur streng toelatingsvereistes vir mediese studente, 'n aansienlike opgradering van die leergang met klem op wetenskaplike metodes, die inkorporering van siekbedopleiding en laboratoriumnavorsing as deel van die opleiding. Die hospitaal het deur die jare uitgestyg as een van die beste hospitale in die wêreld en is tot vandag bekend vir sy uitstekende geneeskunde-opleiding, verpleging en personeel wat in elke afdeling van mediese versorging spesialiseer.[28]

Engelenburg het eers sy sake in Pretoria in orde gekry. Voor sy vertrek uit Pretoria het hy op 22 Februarie 1932 sy laaste testament opgestel waarin bepaal is dat Izaak Wallach ná sy dood as eksekuteur van sy boedel moes optree en die bestuurder van die Nederlandsche Bank ten tyde van sy dood as mede-eksekuteur.[29] Op dieselfde dag het 'n goeie vriendin van Lorraine aan Engelenburg geskryf dat sy siek was van onsteltenis en dat sy liewer nie die vorige Vrydag in Lorraine se sitkamer moes gegaan het nie. Dit het haar so ontstel dat sy haarself met tye nie kon beheer nie. Sy het Engelenburg bedank vir sy liefdevolle goedhartigheid teenoor sy vrou gedurende die jare wat sy met hom deurgebring het, veral tydens haar erge siekte. Die jare wat Lorraine saam met hom deurgebring het, was volgens dié vriendin die gelukkigste tyd in haar lewe. Lorraine het voordurend haar dankbaarheid uitgedruk om so geseënd te kon wees met Engelenburg as haar eggenoot. Die vriendin het gehoop dat Engelenburg sou baat vind by die rus en seereis.[30]

---

27 Anon., "About Johns Hopkins University" by http://www.jhu.edu (geraadpleeg op 23.08.2014).
28 Anon., "About Johns Hopkins University" by http://www.jhu.edu (geraadpleeg op 23.08.2014).
29 NASA, Pretoria, TAB, MHG, vol. 2906/38, boedellêer van F.V. Engelenburg.
30 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 27, A.E. van Bernsen – F.V. Engelenburg, 22.02.1932.

Engelenburg het na Kaapstad gereis om die boot van daar te neem. In die Kaap het hy eers 'n paar dae oorgebly om 'n paar sake af te handel, onder meer 'n vergadering van die argiefkommissie waarvan hy lid was, wat hy moes bywoon. Op Vrydag 4 Maart het Engelenburg Leipoldt in Kaapstad ontmoet en middagete saamgeëet. Die volgende oggend het hy siek gevoel en Leipoldt laat kom. In sy dagboek het Leipoldt 'n aantekening gemaak: "... Dr. E. called in morning, much alarmed about his condition. Saw him home to City and make him lie down."[31] Leipold het hom die Sondag weer besoek en in sy dagboek aangeteken: "... Visited Dr. E. He is much improved but still weak."[32] Maandag 7 Maart het hy aangeteken: "... Dr. E. much improved. He is keen on sea voyage."[33]

Engelenburg het soveel beter gevoel dat hy voor sy vertrek nog eers 'n brief aan generaal Hertzog kon skryf in verband met die Hertzog-Brebner-skenking aan die Akademie. Hy het Hertzog versoek om daartoe in te stem dat die oorhandiging van die skenking tydens 'n formele funksie plaasvind. Hyself sou vir 'n paar maande uit die land afwesig wees, maar in die tussentyd sou al die reëlings vir die funksie getref word en kon die dokumente nog weer deurgelees word vir finale bevestiging. Die brief het Engelenburg met die hand geskryf. Dit toon duidelik dat hy ná die beroerte-aanval nie goeie beheer oor sy skryfhand gehad het nie. Sy handskrif het verander van wat dit was toe hy nog gesond was. Hy kon ook nie meer reguit oor die bladsy skryf nie.[34]

**Engelenburg in die VSA**

'n Dag voor sy vertrek uit Kaapstad het Engelenburg aan Leyds geskryf dat die verandering in sy lewensgewoontes 'n oorweldigende gebeurtenis was en dat dit hom lank sou neem om by aan te pas. Hy het gemeen dat verdriet sy gesondheid aangetas het. Hy was voornemens om 'n radikale verandering van omgewing te soek in 'n seereis per vragboot na New York, met slegs 'n agtal

31 KOD, UK, C.L. Leipoldtversameling, BC94, Sakdagboekie van 1932 van C.L. Leipoldt.
32 KOD, UK, C.L. Leipoldtversameling, BC94, Sakdagboekie van 1932 van C.L. Leipoldt.
33 KOD, UK, C.L. Leipoldtversameling, BC94, Sakdagboekie van 1932 van C.L. Leipoldt.
34 AEA, Bloemfontein, S.A. Akademieversameling, PV917, vol. 17, F.V. Engelenburg – J.B.M. Hertzog, 07.03.1932.

passasiers en ŉ omvangryke biblioteek in sy bagasie.[35] Hy het verwag om einde Mei in Pretoria terug te wees en sou dan ŉ nuwe lewenswyse vir hom inrig. Hy wou egter nie te veel oor die toekoms dink nie en het besluit om voorlopig geen planne te maak nie.[36] Engelenburg het twee dae later, op 10 Maart, na Amerika vertrek. Leipoldt het hom na die hawe geneem en toegesien dat hy gemaklik in sy kajuit ingerig word. In sy dagboek het Leipoldt by 10 Maart geskryf: "... E. left on SS Chincha. He is still very shaky but says that he is alright."[37]

Terwyl die skip tussen die Wes-Indiese eilande gevaar het, het Engelenburg ŉ tweede beroerte-aanval gehad. Die kaptein van die skip het hom op pad na New York in Baltimore, Maryland, aan wal laat neem, waar hy in die Johns Hopkins-Universiteitshospitaal opgeneem is. Daar sou hy ŉ paar weke deurbring en volkome rus en goeie versorging geniet.[38] Tydens sy verblyf in die hospitaal het die American South African Line, Inc. in New York reeds reëlings met Engelenburg begin tref vir sy terugvaart na Suid-Afrika. Mnr. S.J. Maddock, die passasiervervoerbestuurder, het op 12 April 1932 na sy welstand verneem en gevra wanneer hy beplan het om na Suid-Afrika terug te keer. Hy het gehoop dat Engelenburg nie te lank in die hospitaal moes bly nie sodat hy ŉ paar interessante plekke in die Verenigde State van Amerika kon besoek voor hy terugkeer. Maddock het aangebied om hom met die *City of New York* te vervoer indien hy nie betyds sou wees vir die terugvaart op die *SS Chincha* nie. Die *City of New York* was ŉ nuwe skip met akkommodasie vir 60 eersteklaspassasiers. Die reiskaartjie sou £435.00 beloop. Die vaart na Kaapstad sou 23 dae duur en die eiland van St. Helena aandoen vir besigtiging. Maddock het aangebied om persoonlik die bespreking oor te plaas na die *City of New York* as dit Engelenburg sou pas.[39]

Uit ŉ brief wat Maddock op 17 Mei 1932 geskryf het, kan afgelei word dat die skeepsmaatskappy se personeel alles in sy vermoë gedoen het om dit vir Engelenburg so gerieflik moontlik in te rig. Maddock was bly om te hoor dat Engelenburg besluit het om op

35 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg, Kaapstad – W.J. Leyds, 09.03.1932.
36 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg, Kaapstad – W.J. Leyds, 09.03.1932.
37 KOD, UK, C.L. Leipoldtversameling, BC94, Sakdagboekie van 1932 van C.L. Leipoldt.
38 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg, Pretoria – W.J. Leyds, 15.07.1933.
39 Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, S.J. Maddock – F.V. Engelenburg, 12.04.1932.

28 Mei met die *City of New York* te reis. Hy het verduidelik dat Amerika miljoene dollar spandeer het om vinniger skepe te bou. Maddock het geglo dat passasiers wat met vliegtuie reis om vinniger by hulle bestemming aan te kom, gevaar gestaan het om ledemate of nog erger, hulle lewe, te verloor. Maddock was teleurgestel omdat Engelenburg nie tyd sou hê om die Verenigde State van Amerika te verken nie. Hy het Engelenburg ingelig dat hy kajuit 10 op die skip eksklusief vir hom bespreek het. Dit sou hom ook gemoedsrus gee om te weet dat daar ŉ uitstekende dokter aan boord sou wees en al die nodige fasiliteite om hom gemaklik te hou. Maddock het kaptein Wauchope reeds ingelig dat Engelenburg ŉ passasier op sy skip sou wees. Die kaptein het Maddock verseker dat hy geen moeite sou ontsien om die reis vir Engelenburg so gemaklik en interessant moontlik te maak nie. Maddock het gehoop dat Engelenburg hulle kantore in New York sou besoek voor sy vertrek. Die visepresident, admiraal Palmer, wou hom graag ontmoet. Indien dit vir Engelenburg moeilik sou wees om die kantoor te besoek wanneer hy in New York aankom, sou Maddock hom by sy verblyfplek gaan opsoek. Indien Engelenburg per trein na New York reis, moes hy sy tyd van aankoms laat weet en dan sou Maddock hom persoonlik by die stasie gaan afhaal en na sy hotel neem.[40]

Intussen het Engelenburg uit die Johns Hopkins-Hospitaal, – "die trots van elke reggeaarde Yankee!" – aan Louis Leipoldt geskryf oor sy verbeterde toestand:

> Trek nou tog assemblief nie die konklusie uit mij optimisme dat ek voornemens is om opnuut onverstandige dinge deur te drijwe nie.[41]

Saam met die brief het hy ook aan Leipoldt ŉ paar boeke gestuur

> ... wat moontlik in jou smaak sal val. Ek stuur die boeke in verband met ingeslote uitknipsel, as ŉ bewijs dat ek mij ou vrinde nie heeltemal vergeet 't nie![42]

Gedurende sy verblyf in die hospitaal het Engelenburg met die 29-jarige George Frederik Papenfuss (1903-1981) en sy vrou kennis gemaak. Hoewel die egpaar nog studente was toe Engelenburg in die hospitaal onder behandeling was, het hy hulle geselskap geniet. Papenfuss

---

[40] Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, S.J. Maddock – F.B[V]. Engelenbe[u]rg, 17.05.1932.

[41] KOD, UK, C.L. Leipoldtversameling, BC94 (B10.7), F.V. Engelenburg – C.L. Leipoldt, 05.05.1932.

[42] KOD, UK, C.L. Leipoldtversameling, BC94 (B10.7), F.V. Engelenburg – C.L. Leipoldt, 05.05.1932.

het Suid-Afrika vroeg in 1926 verlaat en ŉ B.Sc.-graad in landbou in 1928 met hoë lof geslaag. Plantkunde was een van die vereiste vakke en ná voltooiing van sy studies het hy ŉ assistentpos in die departement plantkunde aan die Johns Hopkins-Universiteit aanvaar.[43] Elke nagraadse student moes ŉ somerkursus by ŉ mariene laboratorium en ŉ tweede kursus in die trope voltooi. George Papenfuss het na die Mount Desert Island Biological Laboratory in die deelstaat Maine gegaan, waar hy navorsing onder prof. Duncan S. Johnson gedoen het. Aan die einde van die kursus het Papenfuss besluit om mariene fikologie (seewierkunde) te bestudeer.[44] Hy moes later sy werk bedank omdat hy, met ŉ beurs, voltyds aan sy doktorsgraad gewerk het. Hy het sy vrou, Emma Jean Johnstone, ŉ student aan die Johns Hopkins Universiteit wat aan haar meestersgraad in soölogie gewerk het, ontmoet. Hulle is ŉ paar maande later getroud. Beide het verwag om hulle doktorsgrade in 1933 te voltooi en het beplan om dan na Suid-Afrika terug te keer.[45] Engelenburg het gedurende sy verblyf baie tyd in die Papenfuss-egpaar se geselskap deurgebring en oor baie dinge met hulle gesels. Kort voor hy terug na Suid-Afrika sou vertrek, het Papenfuss geskryf dat hy en sy vrou besef het dat Engelenburg intellektueel ver hulle meerdere was en dat Engelenburg maar altyd moes gee en niks van hulle terug ontvang het nie. Engelenburg se stimulerende invloed het ŉ blywende indruk op hulle gelaat en hulle sou probeer om ten minste ŉ paar van die pêrels in hulle geheue te bewaar.[46] Papenfuss het Engelenburg ook vir ŉ groot geskenk[47] bedank, want daarmee kon hy die waardevolle boeke koop wat hy al so lank begeer het.[48] Engelenburg moes dikwels van sy twee honde gepraat het, want in ŉ tweede brief op dieselfde dag, nadat Engelenburg reeds vertrek het, het Papenfuss, hierdie keer in Engels,

---

43 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 6, sublêer 22, Kort lewensverhaal soos vertel deur G.F. Papenfuss, 1932.

44 Anon., "George Frederik Papenfuss, Botany, Berkeley", University of California: In memoriam, by http://www.senate.universityofcalifornia.edu/memoriam (geraadpleeg op 25.11.2013).

45 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 6, sublêer 22, Kort lewensverhaal soos vertel deur G.F. Papenfuss, 1932.

46 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 6, sublêer 22, G.F. Papenfuss – F.V. Engelenburg, 27.05.1932.

47 Waarskynlik ŉ geldgeskenk.

48 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 6, sublêer 22, G.F. Papenfuss – F.V. Engelenburg, 27.05.1932.

geskryf dat hy opreg gehoop het dat die twee honde oorstelp van vreugde oor sy terugkeer sou wees en dat hulle hom sou vergewe vir sy lang afwesigheid.[49]

Ná voltooiing van sy graad het George Papenfuss probeer om werk in Suid-Afrika te kry, maar weens die ekonomiese depressie (1929-33) kon hy geen aanstelling kry nie. Hy het daarna vir ŉ kort tydperk aan Johns Hopkins doseer, waarna hy ŉ Johnston-beurs vir postdoktorale studie gewen het. Hy het verkies om saam met twee vooraanstaande Sweedse mariene fikoloë, Harald Kylin van Lunda en Nils Svedelius van Uppsala, te werk. Die Johnston-beurs is uitgebrei om ŉ jaar verblyf in Suid-Afrika vir die doel van die versameling van seewiere te befonds. Papenfuss se doel was om geselekteerde algekultuur na te vors, maar hy het gou besef dat ŉ meer omvattende studie nodig was. Die Universiteit van Kaapstad was beïndruk met sy werk en ŉ toekenning deur die Carnegiekorporasie het hom in staat gestel om gedurende die tydperk 1935 tot 1939 oor ŉ afstand van 2 000 kilometer aan die kus van Suid-Afrika die mees verteenwoordigende versameling mariene alge tot in daardie stadium te oes. Die oorblywende geld uit die Carnegie-toekenning het hom in staat gestel om in 1939 na Swede terug te keer, waar hy weer onder Kylin van Lunda se toesig gewerk het. Hy het in 1944 ŉ werksaanbod van die Universiteit van Hawaii ontvang, maar ontwikkelinge in die Tweede Wêreldoorlog het ŉ reis na die weste onmoontlik gemaak. Hy het ná die oorlog deur Rusland gereis en na die VSA teruggekeer, waarna hy by die Universiteit Berkeley werksaam was tot sy aftrede in 1971.[50]

**Engelenburg keer terug na Suid-Afrika**

Nadat Engelenburg ontslaan is, het ŉ verpleegster by die Johns Hopkins-Hospitaal hom die 275 kilometer per trein na New York vergesel en hom daar ŉ paar dae lank versorg voordat hy aan boord van die *City of New York* gegaan het. Die skeepvaart-direksie was volgens Engelenburg tegemoetkomend en het vir hom dieselfde slaapkamerbediende bespreek wat hom met sy heenreis bygestaan het. Engelenburg het hom noukeurig gehou by die voorskrif van die

49 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 6, sublêer 22, G.F. Papenfuss – F.V. Engelenburg, 27.05.1932.

50 Anon., "George Frederik Papenfuss, Botany, Berkeley", University of California: In memoriam, by http://www.senate.universityofcalifornia.edu/memoriam (geraadpleeg op 25.11.2013).

dokter in Baltimore, wat aangedring het op "take it easy, sir, take it easy". Engelenburg se oë was gelukkig nog goed en hy het baie gelees.

> ... ook ben ik in staat om rustig te denken – u weet hoe zieke menschen dikwijls lijden aan overdreven denk-bedrijvigheid – en om worries van mij af te zetten.[51]

Hy het voortdurend aan die *Volkstem*-besigheid gedink, wat onder die swak kommersiële tydsomstandighede voortdurende aandag moes geniet om sy voortbestaan te verseker.[52]

Op Dinsdag 11 Junie 1932 was Engelenburg terug in Kaapstad en het hy in die Mount Nelson-Hotel tuisgegaan. Hy het Leipoldt, wat in daardie stadium in Oos-Londen was, per brief bedank vir sy advies dat hy hom rustig moes hou wanneer hy in Kaapstad aankom. Die hotel was byna leeg, met die gevolg dat hy goed kon uitrus gedurende die paar dae wat hy daar sou wees. Hy wou probeer om 'n herhaling te voorkom van die insident wat hom aan die begin van die jaar so siek gemaak het.[53]

Engelenburg het aan Leipoldt 'n afskrif van die mediese verslag van die hoofgeneesheer van die Johns Hopkins-Hospitaal gestuur. Die verslag van 25 Mei 1932 is deur dr. John T. King (jr.) geskryf. Daarvolgens het Engelenburg in April by die hospitaal aangekom. Hy was uitgeput na die seereis en het 'n ligte aanduiding van verlamming aan die een kant van sy liggaam gehad. Ondersoeke het tekens gewys van algemene verkalking van die slagare en 'n geneigdheid om sy linkervoet te sleep wanneer hy loop. Sy bloeddruk het gewissel, maar was binne die bokant van normaal. 'n Elektrokardiogram het hartverswakking aangedui. Die bloedtelling, urine en ander toetse het alles normaal voorgekom. 'n Tandheelkundige ondersoek het getoon dat hy twee absesse by tand no. 4 en 7 gehad het. Engelenburg het verkies om absesse te laat behandel wanneer hy terug in Pretoria was. Die dokter se diagnose van Engelenburg se toestand was dat hy uitgeput was van die seereis en dat die effense hartverswakking en swakheid van die linkerbeen die gevolg was van ontoereikende bloedsirkulasie in die serebrum. Die behandeling wat hy in die hospitaal toegepas het, was volkome bedrus vir 'n maand. Engelenburg het ook ligte

51 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg, Pretoria – W.J. Leyds, 15.07.1933.
52 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg, Pretoria – W.J. Leyds, 15.07.1933.
53 KOD, UK, C.L. Leipoldtversameling, BC94 (B10.8), F.V. Engelenburg – C.L. Leipoldt, 11.06.1932.

algemene massering ontvang. Die gevolg van die behandeling was dat sy elektrokardiogram feitlik na normaal teruggekeer het. Sy geneigdheid om sy linkervoet te sleep wanneer hy loop, was nie altyd merkbaar nie. Die dokter het die volgende advies vir sy reis terug na Suid-Afrika gegee: Sy kajuit op die skip moes naby die dek, eetkamer en badkamer wees. Hy moes snags ten minste 10 ure bedrus kry en bedags rustig op 'n dekstoel deurbring. Die dokter het geen rede gesien waarom hy nie matig kon rook en wyn drink nie – iets wat hy geniet het. Hy het ook 'n paar kapsules saamgegee wat een en 'n halwe gram verpoeierde droë blare van die vingerhoedplant (*foxglove*) bevat wat die hartspier sou stimuleer en wat hy een keer per dag moes neem.[54]

Engelenburg het waarskynlik, toe hy terug in Pretoria was, 'n brief aan dr. King gestuur om hom in te lig oor sy gesondheidstoestand, want dr. King het hom op 2 November 1932 vir sy brief bedank. Uit King se brief sou afgelei kan word dat hulle vriende geword het. Daaruit sou ook afgelei kan word dat Engelenburg, ten spyte van sy siekte, steeds 'n "gentleman" onder die vroue was. Dr. King het geskryf:

> Your Miss Slagle has melted into thin air: I do not know where she has been recently, but all our nurses belong to the 'Perifartetie School', and one can never put his finger on them ... I shall remember to pass on your kind remarks when I do see her. I find that girls of German descent have a tendency to enter the nursing profession and seem to have a flair for it. They also make the best of wives, as my own experience bears witness.[55]

Hy het Engelenburg verder ingelig dat hulle die volgende dag na die stembus moes gaan om vir Herbert Hoover (1874-1964)[56] of Franklin D. Roosevelt (1882-1945) te stem, hyself vir eersgenoemde. Volgens hom was daar by die kiesers byna geen entoesiasme vir Roosevelt nie. In 1932 was die wêreldwye depressie nog nie verby nie en mense het swaargekry. Hulle het gevoel dat die ekonomiese herstel vertraag sou word deur 'n Demokraat te kies. Roosevelt het wel die verkiesing gewen en het van 1933 vir vier termyne tot sy dood in 1945 as president van die VSA

54 Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, mediese verslag van dr. John T. King van die Johns Hopkins-Hospitaal, 25.05.1932.

55 Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, J.T. King – F.V. Engelenburg, 02.11.1932.

56 Herbert Hoover was president van die VSA van 1929-1933.

gedien.[57] Dr. King het verder geskryf dat hy en sy vrou jammer was dat Engelenburg so ver gewoon het. Hulle sou hom graag van tyd tot tyd wou sien.[58]

In ŉ onderhoud wat kort voor haar dood met haar gevoer is, kon suster Liesching, sy persoonlike verpleegster, meer lig werp op die jare ná Engelenburg se vrou se dood. Lorraine se oorlye was vir hom ŉ groot slag waarvan hy nooit heeltemal herstel het nie en hy het sigbaar verouder. Ná sy behandeling in die VSA en by sy terugkeer in Kaapstad het sy goeie vriend Leipoldt hom opgesoek. Dié het suster Liesching gevra om Engelenburg op die treinreis na Pretoria te vergesel en op te pas. By Het Witte Huis aangekom, het Engelenburg haar oorreed om langer aan te bly. Mev. Liesching het vertel dat haar pasiënt en werkgewer nooit volkome herstel het nie. Ná ŉ jaar kon hy weer rondloop, maar hy het hom aan alle openbare verpligtinge onttrek en stil tussen sy boeke, kunsvoorwerpe en oudhede gelewe, waar hy gereeld deur sy intieme vriende besoek is. Die huishouding het glad geloop. Sy bediendes was uitmuntend opgelei en die hoofbediende het selfs geweet watter glase om by watter geleentheid en welke wyne by die verskillende geregte bedien moes word.[59]

By Engelenburg se terugkoms in Pretoria was hy "... ondergesneeuwd – soos ons Engelse koerant-kollegas dit noem ..." onder briewe van vriende, kollegas en oudkollegas, onder andere van Gustav Preller. Hy aan Preller teruggeskryf dat daar dae was dat hy gedink het hy Pretoria nooit weer sou sien nie. Sy vriende het sy keuse van tyd om na sy huis terug te keer, gekritiseer – "... u weet hoe koud ons wonings in die winter is!" Hy het hom gehou aan die "manjifieke formule" van die geneeshere in Baltimore: "... take it easy, sir, take it easy". Hy het die ganse dag naby die vuur gesit en lees.

> Origens beloof die plaaslike dokter dat ek weer sal bijkom op voorwaarde dat ek elke dag ŉ wandeling maak, ens. ens.[60]

---

57 G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner* VII 1924-1939, p. 6.

58 Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, J.T. King – F.V. Engelenburg, 02.11.1932.

59 R. Stead, "Dr. F.V. Engelenburg" in *Lantern*, 13(3), Maart 1964, p. 26.

60 NASA, Pretoria, G.S. Prellerversameling, A787, vol. 207, F.V. Engelenburg – G.S. Preller, Julie 1932.


Engelenburg het aan Leyds geskryf dat Lorraine, toe sy nog geleef het, die bediendes gelukkig goed opgelei het, sodat hulle bekwaam was om die huis in orde te hou, hom te voed en te versorg. Beide bediendes was al jare lank in sy diens en volkome betroubaar en het Engelenburg "beskerm" teen die tallose kinders van die bure wat sy tuin se blomme gepluk en die voëltjies doodgeskiet het met hulle "katapulte".[61] Engelenburg is daardeur geraak want "... [z]odoende leef ik als een soort kluizenaar in mijn hoog boven de stad gelegen woning".[62] Die voëls en blomme was goed gevestig danksy Lorraine se goeie versorging van die tuin.[63] Voor haar dood wou sy baie graag ŉ steggie hê van ŉ bougainvillea wat Leipoldt in sy tuin gehad het. Leipoldt het belowe dat hy die bougainvillea in ŉ kissie of blik sou plant en dit per geleentheid vir haar sou gee.[64] Of sy die steggie ooit gekry het, is nie bekend nie. Sy is sewe maande ná Leipoldt se brief oorlede.

Engelenburg se vennoot en intieme vriend Izaak Wallach het ten spyte van die bekwame bediendes sy intrek by Engelenburg in die huis geneem om, volgens hom, Engelenburg geselskap te hou en van eensaamheid te red. Sy buurman, ŉ bankklerk, het hom soms besoek en oor allerlei finansiële en ekonomiese sake gesels.

**Engelenburg tree uit as voorsitter van die SA Akademie**

Die algemene jaarvergadering van die SA Akademie het op 18 Junie 1932 plaasgevind. Engelenburg was toe nog voorsitter, maar onder die omstandighede het hy dit nie bygewoon nie. Hy was skaars terug in Pretoria en het nog van die lang seereis herstel. Op dié vergadering het dr. T.H. le Roux, visevoorsitter van die Akademie, as voorsitter waargeneem. Slegs die statute van die Akademie is hersien, waarna die vergadering verdaag het. Op 9 Augustus 1932 was Engelenburg terug in die voorsitterstoel. Op die vergadering is slegs twee sake behandel, waarna die vergadering skielik verdaag het, waarskynlik as gevolg van sy swak gesondheidstoestand. Die vergadering is 10 dae later, op 19 Augustus, hervat, weer onder leiding van Engelenburg. Op 24 September en 4 Oktober 1932 het die raad vergader en op 8 Oktober het die Akademie weer ŉ

61 Voëlrekke.
62 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg, Pretoria – W.J. Leyds, 15.07.1933.
63 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg, Pretoria – W.J. Leyds, 15.07.1933.
64 KOD, UK, C.L. Leipoldtversameling, BC94 (B10), C.L. Leipoldt – F.V. Engelenburg, 06.06.1931.



Illustrasie 109: Engelenburg met sy honde by die agterdeur van Engelenburghuis. Bron: Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling.



Illustrasie 110: Engelenburg bring die dae tussen sy boeke deur. Hy sit hier in sy slaapkamer.
Bron: Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling.

algemene vergadering gehou waar al die sake wat nie op 18 Junie behandel is nie, ook aandag geniet het. Op hierdie tweede algemene vergadering het Engelenburg vir die laaste keer as voorsitter van die Akademie opgetree. Daardie aand het die Universiteit van Pretoria ŉ ete vir die Akademielede aangebied waarvoor Engelenburg reeds op 2 Oktober sy verskoning aangeteken het. Aan dr. S.P. Engelbrecht het hy geskryf: "... Ek voel hoe ongeskik ek is vir bijwoning van maaltijde."[65] Dit was duidelik dat Engelenburg dit nog moeilik gevind het om te eet en om hom verleentheid te spaar het hy besluit om nie openbare etes by te woon nie.[66]

Op sy laaste vergadering as voorsitter van die Akademie het senator Frans Malan hulde aan Engelenburg gebring wat altyd so vol ywer vir die Akademie was.[67] Daar is verklaar Engelenburg "... het sy lot heeltemaal by die Afrikaners ingewerp en op sy loopbaan is menig monument wat van sy werk getuig".[68] Malan het waardering uitgespreek dat Engelenburg, nieteenstaande sy gesondheidstoestand, tog nog aanwesig was en het die Akademieraad bedank wat bystand aan Engelenburg verleen het.[69] Wat die Akademie betref, het Engelenburg daarna op die agtergrond verdwyn, maar van tyd tot tyd tot kort voor sy dood in 1938 het hy wel ŉ paar algemene vergaderings as gewone lid bygewoon.

**Kontak met vriende en familie**

Sedert sy beroerte-aanval in 1932 het Engelenburg sy tyd hoofsaaklik in Het Witte Huis in Pretoria deurgebring en selde in die openbaar verskyn. Hy het wel deur middel van briefwisseling kontak met sy vriende en familie behou. Deur middel van dié briewe is dit moontlik om te bepaal wat Engelenburg se geestes- en gesondheidstoestand die laaste ses jaar van sy lewe was. ŉ Paar maande ná sy beroerte-aanval het hy aan sy broerskind Willem in

65 AEA, Bloemfontein, S.A. Akademieversameling, PV917, vol. 17, F.V. Engelenburg – S.P. Engelbrecht, 02.10.1932.

66 AEA, Bloemfontein, S.A. Akademieversameling, PV917, vol. 17, F.V. Engelenburg – S.P. Engelbrecht, 02.10.1932.

67 Notule van die 21ste jaarvergadering van die SA Akademie vir Taal, Lettere en Kuns gehou op 8 Oktober 1932 in *Bulletin* (van die SA Akademie) 8(2), Oktober 1932, p. 6.

68 Notule van die 21ste jaarvergadering van die SA Akademie vir Taal, Lettere en Kuns gehou op 8 Oktober 1932 in *Bulletin* (van die SA Akademie) 8(2), Oktober 1932, p. 6.

69 Notule van die 21ste jaarvergadering van die SA Akademie vir Taal, Lettere en Kuns gehou op 8 Oktober 1932 in *Bulletin* (van die SA Akademie) 8(2), Oktober 1932, p. 6.

Nederland geskryf dat sy huisdokter meer optimisties oor sy gesondheid was as hy self.[70] Willem het gemeen dat die dokter, miskien onbewus, die suggestie van beterskap by Engelenburg gelaat het, wat weer genesing in die hand kon werk. Willem het vertel dat hy die vorige week toevallig vir die eerste keer met sy neef, Frans Engelenburg, ŉ goeie sportman, kennis gemaak het. Dié het in Obersdorf gewoon en was besig om die moontlikheid om ŉ reisburo tot stand te bring, te ondersoek.[71] Willem het ook die nuus oorgedra dat Frits, Engelenburg se halfbroer, in ŉ neurologiese inrigting in Wassenaar opgeneem is. Om die een of ander rede het hy gespanne geraak en sy polse gesny. Frits se huisdokter het hom in die inrigting laat opneem, waar hy verpleeg is. Wat die oorsaak van sy optrede was, kon niemand sê nie, maar Willem het gemeen dat dit hoogs waarskynlik te doen gehad het met Frits se werkery by die gasoondbouery te Maastricht. Waarvan hy wel seker was, was dat Frits sy betrekking opgesê het en weer sonder werk in Den Haag was. Volgens gereelde besoekers aan Frits was sy toestand ná ŉ rukkie weer normaal.[72] Aan Frits het Engelenburg op ŉ keer geskryf dat hy geleer het wat dit was om nie langer ten volle gebruik te kon maak van sy fisieke potensiaal soos voorheen nie. Dit het hom tyd geneem alvorens hy gewoond kon raak aan die nuwe toestand van "gebrekkigheid".[73] Leipoldt kon wel ŉ verbetering in Engelenburg se toestand bemerk.

> Ek bespeur uit die handskrif dat die gesondheid beter gaan, en dit doen my plesier om te verneem dat u so goed en wel voel.[74]

Iemand met wie Engelenburg deur die jare ook kontak behou en briewe gewissel het, was Ellen, die dogter van president Burgers. Op 10 Desember 1932 het Ellen hom bedank vir ŉ brief wat hy aan haar geskryf het. Sy het vertel dat Vorstman, Engelenburg se vriend van voor die Anglo-Boereoorlog, "... zoo dankbaar [was] dat ik aan hem schryf dat u beter was. Hy was zoo vreeslyk

---

70 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 27, F.V. Engelenburg – Willem Engelenburg, 14.10.1932.

71 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 27, Willem Engelenburg, Penninglaan 54, Ryswijk – F.V. Engelenburg, Pretoria, 09.11.1932.

72 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 27, Willem Engelenburg, Penninglaan 54, Ryswijk – F.V. Engelenburg, Pretoria, 09.11.1932.

73 LBPA: Afskrif van brief in 2003 ontvang van Frits Engelenburg se dogter, mev. Engelenburg-Van Son, Den Haag, Nederland, F.V. Engelenburg – Fritz Engelenburg, 18.04.1933.

74 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 6, sublêer 22, C.L. Leipoldt – F.V. Engelenburg, 31.10.1933.

angstig."[75] Ellen het in 'n brief drie en 'n halwe jaar tevore, met die dood van haar moeder, ook van Vorstman gepraat. Sy het Engelenburg bedank vir alles wat hy gedoen het, nie net tydens die begrafnis van haar moeder nie, maar al die jare wat die familie hom geken het. "... My Moeder had u en ons vriend Vorstman zoo lief."[76] Vorstman was teen daardie tyd al bejaard en het in Nederland gewoon. Ellen het oor die politieke situasie in die Kaap geskryf en oor ander gemeenskaplike vriende. Daar was 'n "... strike van bus en tram ..." in die Kaap en dit was moeilik om in die stad te kom. Sy het geskryf dat sy in trane was oor die rojale geskenk wat Engelenburg aan haar gestuur het. Dit was waarskynlik die borsspeld met die alexandriet waarvan voorheen melding gemaak is. Verder het sy oor dr. Engelbrecht geskryf wat na Voëlklip, Hermanus, gegaan het om te rus; sir J. Kotzé, wie se boek binnekort sou verskyn; Johan Jorissen, wat in 'n treinongeluk was, maar soveel beter was dat sy vriende hom nie op straat herken het nie; Tom Haines en sy familie wat vakansie gehou het; en Charles te Water wat in die St. James-Hotel tuis was. Soms het sy Engelenburg "myn vriend" en soms "Doktor" genoem. Ellen het die brief afgesluit met: "... Nu Doktor pas u maar goed op. Wy kunnen niet zonder u klaar kom in Zuid Afrika."[77] Sy het ook gevra dat hy haar laat weet as hy in die Kaap aangekom het vir sy jaarlikse vakansie en uitgerus het, en dat hy haar asseblief die eer sou aandoen om êrens saam met haar middagete te gaan eet. Sy het waarskynlik geweet dat Engelenburg selfbewus was om in die openbaar te eet en het daarom 'n stil eetplek voorgestel. "... Ik weet van een rustige plek die heel stil is."[78]

Engelenburg en Izaak Wallach het die versorging van hul vakansiewoning Bagatel Cottage en die tuin aan 'n opsigter oorgelaat wat Engelenburg maandeliks met £1 vergoed het. Die munisipale rekeninge het hy steeds uit Pretoria betaal. Op 9 April 1933 het die opsigter, mnr. S.G. Tyler, navraag by Engelenburg gedoen oor sy maandelikse vergoeding. Engelenburg het

---

75 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 6, sublêer 22, Ellen Burgers – F.V. Engelenburg, 10.12.1932.

76 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 6, sublêer 21, Ellen Burgers – F.V. Engelenburg, 02.05.1929.

77 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 6, sublêer 22, Ellen Burgers – F.V. Engelenburg, 10.12.1932.

78 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 6, sublêer 22, Ellen Burgers – F.V. Engelenburg, 10.12.1932.

waarskynlik by ontvangs van die brief besluit dat hy nie meer met hierdie tipe administrasie gemoeid wou wees nie en op 22 April 1933 het hy Abbott & Horyg, ŉ eiendomsagentskap van Kaapstad, versoek om voortaan alle munisipale rekeninge, asook dié van die opsigter, namens hom te betaal met geld wat Engelenburg van tyd tot tyd sou stuur. Hulle moes reël dat al die rekeninge wat op Bagatel Cottage betrekking gehad het, na hulle kantoor gestuur word. Hy het Izaak Wallach versoek om die brief, wat ook as bekendstellingsbrief tussen Wallach en die agentskap gedien het, by die agentskap af te lewer en die saak met hulle verder te bespreek wanneer hy weer in die Kaap was.[79]

Leipoldt het deur middel van briefwisseling kontak met Engelenburg behou en hom gaan opsoek wanneer hy in Pretoria was. Hy het soms in sy briewe aan Engelenburg oor sy aangenome seun, Jeff, geskryf en raad gevra. Hy het eenkeer in Oktober 1933 melding gemaak dat hy bekommerd was oor die seun se toekoms en hy het vir Engelenburg gevra waar hy sou voorstel Jeff sy universiteitsopleiding moes kry, in Suid-Afrika of oorsee. Dikwels het hy ook melding gemaak dat hy graag ŉ aandjie met Engelenburg en ŉ paar vriende sou wou brug speel. Leipoldt het hom goeie raad vir sy gesondheid gegee:

> Hou u maar kalm en bedaard, en vergeet nie dat die matige gebruik van alkohol deur elke kundige dokter aangeraai word nie. Ek onthou altyd dat Carnaro vertel dat hy nie sonder sy wyntjie op sy oudste dag kan klaar kom nie. En dit maak my so woedend om my kollegas, wat niks daarvan weet nie, te hoor uitvaar teen ons Kaapse brandewyn.[80]

Hy het aan Engelenburg geskryf oor die onaangenaamhede tussen hom en die Johannesburgse dokters, sowel as die onbevredigende verhouding met ŉ komitee waarvan hy lid was.[81] Hoewel Leipoldt die mediese tydskrif op ŉ bekwame wyse geredigeer het, was hy dikwels tydens sy redakteurskap in konflik met lede van die Mediese Vereniging betrokke. In 1930 was daar sigbaar spanning tussen die uitvoerende komitee van die federale mediese raad en die

---

79 Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, F.V. Engelenburg – Izaak Wallach, 22.04.1933.

80 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 6, sublêer 22, C.L. Leipoldt – F.V. Engelenburg, 31.10.1933.

81 KOD, UK, C.L. Leipoldtversameling, BC94 (B10.9), F.V. Engelenburg – C.L. Leipoldt, November 1933.

redaksiekomitee, en het die vraag ontstaan in watter mate die redakteur vry was om sy eie mening in hoofartikels te lug. Só erg het die onmin geraak dat Leipoldt oorweeg het om Suid-Afrika te verlaat om in Europa ŉ heenkome te vind.[82] Engelenburg het nie gedink dat dit ŉ goeie idee was nie en hy het Leipoldt sterk aangeraai om in land te bly. Hy wou nie eers daaraan dink dat Suid-Afrika Leipoldt kon verloor nie. Die Unie was maar klein en bietjie benoud, maar Leipoldt moes rekening hou met sy plig om sy eie nasie te dien. Hy moes dankbaar wees vir die belangrike plek wat hy as raadgewer beklee het. Daardie plek het Leipoldt self en op eie krag verower en hy moes dit nie prysgee nie.[83]

Een van Engelenburg se vele vriende, regter F.E.T. Krause, het ŉ boek van baron H.G. Hewart, *The new despotism*,[84] aan Engelenburg gestuur. Krause was toe nog kort in Bloemfontein en hy het aan Engelenburg genoem dat die mense oor die algemeen van ŉ goeie klas skyn te wees, "... meer of min van die selfde status as die mense in Pretoria".[85] Engelenburg het op sy beurt aan regter Krause ŉ boek gestuur, wat laasgenoemde baie waardeer het. In sy dankbrief het hy genoem dat hy die afgelope tyd twee keer in Pretoria was en ook by Engelenburg langs gekom het vir ŉ besoek, maar dat hy telkens meegedeel is dat Engelenburg gerus het. Hy het genoem dat die Akademie se algemene vergadering op 2 Desember 1933 in Pretoria sou plaasvind en dat hy gehoop het om Engelenburg dan te sien te kry.[86] Engelenburg en regter Krause het die vergadering wel bygewoon en sou sekerlik met mekaar gesprek gevoer het. Dr. D.F. Malherbe was in daardie stadium die voorsitter van die Akademie.[87]

Intussen het Otto Husemeyer, die seun van wie vroeër melding gemaak is, weer van hom laat hoor en geskryf dat dit te duur was om universiteit toe te gaan en dat hy deur middel van ŉ korrespondensiekursus vir die BA-graad en die Prokureurseksamen wou studeer. In plaas van

82 J.C. Kannemeyer, *Leipoldt: ŉ lewensverhaal*, p. 515.
83 KOD, UK, C.L. Leipoldtversameling, BC94 (B10.9), F.V. Engelenburg – C.L. Leipoldt, November 1933.
84 H.G. Hewart, *The new despotism* (Cosmopolitan Book Corp., New York, 1929).
85 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 6, sublêer 22, F.E.T. Krause – F.V. Engelenburg, ongedateer.
86 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 6, sublêer 22, F.E.T. Krause – F.V. Engelenburg, 13.11.1933.
87 Notule van die algemene jaarvergadering van die SA Akademie op 2 Desember 1933, ingebind tussen *Bulletin* 11 van Oktober 1933 en *Bulletin* 12 van Augustus 1934, p. 2.

£132, sou dit hom net £90 kos. Hy sou die verminderde bedrag ook nie kon volhou nie, omdat hy maandeliks slegs £4 verdien het en dan moes hy nog losies ook betaal. Hy het Engelenburg gevra of hy liewer die kursus vir hom sou betaal, in plaas van Engelenburg se vorige aanbod, naamlik om die boeke te voorsien. Husemeyer het geweet dat Engelenburg belang gestel het in sy vordering, maar wou nie te veel van hom eis nie. As hy egter nie probeer het om hom op te werk nie, sou hy nie ŉ sukses van sy lewe maak nie

> ... en daar u nog die enigste een is wat ek by kan aanklop, doen ek dit maar al is dit ook nie lekker om dit te doen nie.[88]

Husemeyer het geskryf dat diamante by hulle in die Swartruggens-omgewing gevind is en dat die streek daardie Vrydag as ŉ publieke delwery geproklameer sou word. Sy oupa het grond in die gebied gehad en daar was tekens dat daar diamante op sy grond was. Indien dit wel so was en baie diamante gevind word, sou sy oupa hom na Europa kon stuur om te gaan studeer. As naskrif het hy geskryf:

> Ek hoop u is nou al weer fris en gesond. Moet net nie soos my oupa maak nie. Hy neem vreeslik min oefening en dan wil hy weet waarom sy hart hom pla.[89]

Geen korrespondensie kon gevind word dat Engelenburg wel vir Husemeyer se studie betaal het nie.[90]

Engelenburg se broerskind, Willem, het geskryf dat sy werk hom na Utrecht oorgeplaas het as hoof van tegniese dienste van die telefoondistrik Utrecht. Hy sou twee maande lank opleiding ontvang van die dienende hoof voordat laasgenoemde na Eindhoven vertrek om die pos van adjunkdistrikshoof te aanvaar. Die gebou waar Willem nou gewerk het, kon hy binne tien minute met sy fiets bereik.

> Wat mijn kamer in het gebouw betreft, deze is als een ministers kabinet gelijk; jammer alleen dat het salaris niet in dezelfde hooge sfeer zich beweegt.[91]

---

88 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 6, sublêer 22, O. Husemeyer, Zwartruggens – F.V. Engelenburg, 12.06.1933.

89 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 6, sublêer 22, O. Husemeyer, Zwartruggens – F.V. Engelenburg, 12.06.1933.

90 Otto Husemeyer het nie gaan studeer nie, maar ŉ besigheid in Swartruggens begin. Telefoniese navraag Linda Brink: Mnr. Neels Husemeyer, 25.08.2014. (Neels Husemeyer is die eienaar van Swartruggens Garage.)

In Junie 1934 het Willem verwys na briewe wat hy aan Engelenburg geskryf het en ook dat hy om geldelike hulp by Engelenburg aangeklop het. Hy was bekommerd daaroor dat hy vir so lank niks meer van sy oom gehoor het nie, en het dit daaraan toegeskryf dat Engelenburg vies was omdat hy geld van hom gevra het. As noodmaatreël het Willem in die tussentyd sy ongevalle- en brandversekering gekanselleer en verder het hy advertensies geplaas om lesse in "hoogere wiskunde" te gee. 'n Paar leerlinge het hulle al by hom aangemeld vir klasse. Dit was egter nie maklik nie. Sodra hy van die werk tuiskom, moes hy hom eers behoorlik voorberei vir die lesse,

> ... d.w.z. boven mijn dagtaak nog een extra 4 uren en dat valt elken avond niet mee. Ik hoop natuurlijk het vol te kunnen houden.[92]

Willem se pa, Kees Engelenburg, kon hom nie geldelik help nie omdat hy Willem se suster, Marie, met 'n stewige bydrae ondersteun het, hoewel haar man 'n beter salaris as hy, Willem, ontvang het. Die ekonomiese toestande in Nederland was nog op 'n laagtepunt as gevolg van die wêreldwye depressie en om sy armoedige toestand nog verder te beklemtoon, het hy geskryf:

> Van kleeren koopen voor mij is de eerste jaren geen sprake meer, want zelfs met afbetaling lukt het niet.[93]

Dit wil voorkom of Otto Husemeyer en Engelenburg se broerskind Willem nie die erns van Engelenburg se siektetoestand besef het nie, en dus nie geskroom het om geld van hom te vra nie. Nederland was nie al land wat 'n slagoffer van die depressie was nie. In Suid-Afrika het dit nie veel beter gegaan nie. Daarmee saam het Engelenburg geen maandelikse pensioengeld ontvang nie omdat die Wallach's-maatskappy self ook gesukkel het om kop bo water te hou. Teen daardie tyd was dit al jare lank dat Engelenburg Willem geldelik bygestaan het.

Uit Nederland het Engelenburg in Februarie 1937 'n brief van sy broer Kees ontvang. Dié het vertel hoe droewig die ekonomiese toestande by hulle was. Die rentekoerse was op 'n laagtepunt

---

91 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 27, Willem Engelenburg – F.V. Engelenburg, Utrecht, 30.08.1933.

92 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 27, Willem Engelenburg – F.V. Engelenburg, Utrecht, 06.06.1934.

93 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 27, Willem Engelenburg – F.V. Engelenburg, Utrecht, 06.06.1934.

en kapitaalverlies sou op die lange duur nie uitbly nie. Oor sy kinders het hy gemeld "... dat zij erg zuinig moeten leven". Sy oudste seun Frans se vrou moes ŉ kaak-operasie ondergaan ná behandeling deur ŉ nalatige tandarts in Indië. Ná veertien dae in ŉ kliniek was sy weer by die huis.[94]

Oor sy dogter, Marie (ook genoem Maria of Mieke), die jongste van sy drie kinders, het Kees berig dat sy as pianis in Nederland saam met die Utrechtse orkes ŉ paar maal opgetree het. Daardie Maart sou sy ook in Groningen met die orkes aldaar speel. Dit was net jammer dat sulke prestasies uiters karig beloon is. Daar was ŉ ooraanbod van jeugdige pianiste, violiste en sangeresse wat vir die verhoog gereed was, en dit was dus ŉ kwessie van ŉ groter aanbod as vraag op die musikale mark. In die skilderkuns het dit nie veel beter gegaan nie. Die werklik goeie meesters kon hulle werk nie van die hand sit nie, tensy ver benede die prys.[95]

Die ekonomiese toestande het ook die skilder Frans Oerder en sy gesin, wat nog in Nederland gewoon het, swaar getref. Deur al die jare heen het Engelenburg steeds kontak met Oerder behou. Op 2 November 1936 het Oerder geskryf dat sy seun, wat in 1910 gebore is, op pad was na Suid-Afrika. Die seun, Tom, het hom in Delft as ŉ werktuigkundige en elektrotegniese ingenieur bekwaam en het ŉ paar jaar by die Philips-gloeilampfabriek gewerk. Die werkstoestande was egter onseker en werkers is ná jare van diens soms skielik ontslaan. Tom wou nie in onsekerheid leef nie omdat hy ŉ vrou gehad het om voor te sorg. Hy en sy vrou wou in Suid-Afrika ŉ heenkome probeer vind. Oerder het gemeen dat sy seun moontlik kon help met die elektrifikasie van die spoorweë.[96] Op 16 Februarie 1937 was die seun en sy vrou reeds in Pretoria en het hulle by hulle oom by Prospectstraat 116, Hatfield, tuisgegaan. Uit sy oom se huis het die seun ŉ brief aan Engelenburg geskryf waarin hy ŉ afspraak probeer reël het om die ou

94 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 27, Kees Engelenburg, Breda, – F.V. Engelenburg, 22.02.1937.

95 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 27, Kees Engelenburg, Breda, – F.V. Engelenburg, 22.02.1937.

96 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 6, sublêer 22, F.D. Oerder – F.V. Engelenburg, 02.11.1936.



Illustrasie 111: Kees se dogter, Marie (ook genoem Maria of Mieke) in later jare. Sy was ŉ bekende pianis in Duitsland. Bron: Fotoversameling van Kees se kleindogter, Els de Krijger-Engelenburg.

heer te kom besoek.[97] Skynbaar was Engelenburg ongesteld en kon hy Tom Oerder nie ontmoet nie. Die seun het daarna werk in Johannesburg gekry en hy en sy vrou het daar gaan woon by die adres Arundel Court 35, hoek van President- en Smalstraat. Op 29 Maart het hy Engelenburg per brief gevra of hy hom sou laat weet wanneer hy soveel herstel het dat hy besoekers kon ontvang. Die seun wou sy vader se skilderye wat hy saamgebring het, ook kom wys,[98] sekerlik met die hoop dat Engelenburg een of meer sou koop. Daar is geen bewys dat die besoek plaasgevind het nie.

Een van Engelenburg se troue vriende, Louis Leipoldt, het, wanneer hy in Pretoria was, gewoonlik by Engelenburg besoek afgelê. Hy het 16 maande voor Engelenburg se dood uit sy kantoor in Walestraat 35, Kaapstad, geskryf dat hy op 28 Maart 1937 in Pretoria sou wees aangesien hy ŉ kollegasvergadering in Pietersburg moes toespreek. Hy het Engelenburg genooi om saam met hom te ry:

> Ek sal by Alderson of Haak ŉ kar kan bestel en ons kan die Donderdag more weer terug wees.[99]

Engelenburg en Leipoldt was geesgenote en het mekaar se geselskap geniet. Leipoldt het ook presies geweet wat Engelenburg se gesondheidstoestand was en as medikus sou hy ŉ wakende oog oor hom kon hou. Dit is dus waarskynlik dat Engelenburg saam met Leipoldt na Pietersburg (tans Polokwane) gery het. ŉ Paar maande ná Leipoldt se besoek het hy uit Kaapstad ŉ lang brief aan Engelenburg geskryf. Hy het die aand saam met Karl Bremer, ŉ sekere Telbert en Mike Vos brug gespeel en toe hulle weg huis toe is, het hy glad nie lus gevoel om te gaan slaap nie en wou graag "... ŉ praatjie met ŉ ou vriend ... hê deur middel van my tikmasjine".[100] Hy het Engelenburg herinner dat hy (Engelenburg) jare tevore vertel het dat hy ŉ "student" was van die Heilige Augustinus toe hy in 1918 in Londen in die Waldorf-Hotel tuisgegaan het. Die omgewing buite was so aaklig – dit was gedurende die Eerste Wêreldoorlog – dat Engelenburg

---

97 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 6, sublêer 22, T. Oerder – F.V. Engelenburg, 16.02.1937.

98 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 6, sublêer 22, T. Oerder – F.V. Engeleburg, 29.03.1937.

99 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 6, sublêer 22, C.L. Leipoldt – F.V. Engelenburg, 25.03. 1937.

100 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 6, sublêer 22, C.L. Leipoldt – F.V. Engelenburg, 20.11.1937.

verkies het om in die slaapkamer te bly sit en Racine en Augustinus te lees. Leipoldt wou weet of Engelenburg iets oor slaaploosheid in Augustinus se *Confessio* gevind het. Hyself het daaraan gedink om 'n boek oor slaaploosheid en slaperigheid te skryf. Hy het ook geskryf van 'n mnr. Dent wat in die wynhandel was en van wie hy 'n kis Jerusalemmer Ausbruck van 1924 bestel het. Dit was na sy smaak een van die heerlikste wyne in sy soort en sou vir Engelenburg 'n bottel stuur om sy opinie te kry

> ... maar in Godsnaam laat dit vir ten minste 'n maand lank in die keller rus voordat dit geope word.[101]

Leipoldt het die brief afgesluit met die woorde dat hy die aand nie so gelukkig met die kaarte was nie.

> Ek sou baie graag nog 'n partie met u en v. Leenhof en Wallach speel – for auld lang syne.[102]

Vroeër jare, wanneer Leipoldt in Pretoria was, is Van Leenhof en Wallach gewoonlik ook genooi om saam met hom en Engelenburg 'n "partytjie brug" te speel – soms by Het Witte Huis en soms by die klub waar Leipoldt gewoonlik tuisgegaan het.[103]

**Engelenburg en dr. Leyds**

Engelenburg het in sy laaste jare gereeld aan Leyds geskryf oor die politieke situasie in Suid-Afrika en hoe die Afrikaners verander het sedert 1899. Hy en ook Leyds het president Paul Kruger beskou as behorende tot 'n generasie van veterane. Die generasie van die 1930's het Paul Kruger onder die titel "Geskiedenis" geplaas soos wat Engelenburg en Leyds Willem die Swyger vroeër beskou het. Kruger se tydgenote het slegs herkou aan anekdotes oor die ou president. Daar moes ook nie vergeet word nie dat Suid-Afrika sedert die ondergang van die Kruger-regime moeilike tye beleef het. Engelenburg het teruggedink aan die Kruger-dae, aan die naoorlogse swaarkry – tye van droogte, armoede, wanhoop en vertwyfeling. Hy het ook gepraat van die tye 30 jaar later, waarin die gemeenskap geleef het in 'n tyd van die "automobiel" en die "bioskoop". Die Afrikanergemeenskap het, volgens Engelenburg, byna onherkenbaar verander. Van die

---

101 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 6, sublêer 22, C.L. Leipoldt – F.V. Engelenburg, 20.11.1937.

102 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 6, sublêer 22, C.L. Leipoldt – F.V. Engelenburg, 20.11.1937.

103 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 6, sublêer 22, C.L. Leipoldt – F.V. Engelenburg, 08.09.1931.

atmosfeer van 1899 het byna niks meer oorgebly nie. Die optimisme aangaande Suid-Afrika se toekoms het plek gemaak vir lustelose berusting in die naderende ekonomiese en sosiologiese gevare. Engelenburg het gemeen dat Leyds dit vrygespring het om van naby te moes sien hoe die ontaarding plaasgevind het.

Hy het Leyds geloof vir die moeite om dié se versameling briewe in verband met die Anglo-Boereoorlog in verskeie dele te publiseer. Dit sou dalk nie die huidige geslag Afrikaners en historici interesseer nie, maar vir historici van die toekoms sou die Anglo-Boereoorlog as ŉ merkwaardige stuk wêreldgeskiedenis geld. In Suid-Afrika het dit al duideliker geword hoe die toenmalige Europa aan die einde van die 19de eeu van dié oorlog gebruik wou maak om soveel moontlik vere te pluk uit die stert van die tydelik totaal magtige Groot-Brittanje. Die publikasie van Leyds se korrespondensie wat van 1900 tot 1902 gestrek het, sou kon lig werp op die wêreldsituasie van ŉ kwarteeu tevore. Engelenburg wou nie pessimisties klink nie, maar wou Leyds net wys op die veranderde geestesgesteldheid van die denkende Suid-Afrikaner, vergeleke met die stemming wat die mense besiel het in die dae toe Leyds nog in Pretoria gewoon het. Almal het toe plase gekoop in die salige oortuiging dat daar goud en rykdom in die grond verskuil gelê het. Die vooruitsigte het rooskleurig en belowend gelyk. ŉ Kwarteeu later het alles verander. Engelenburg moes tot sy skaamte erken dat die land gestaan en geval het met die goudindustrie "... die immers gekontroleerd wordt door verfoeilike oversese kapitalisten".[104]

Hy het ook vertel van prominente politici soos D.F. Malan, gewese minister en groot ondersteuner van generaal Hertzog, wat openlik gekant was teen die kapitalisme en kommunisme. Die "armen-blanken-probleem" was ŉ permanente "item" op die politieke agenda en daar was manne en vroue wat hulle heil gesoek het in republikeinse propaganda. Engelenburg het gemeen dat hy en Leyds sou kon saampraat oor wat die republikeinse ideaal vir Bloemfontein en Pretoria beteken het – "in koude werklikheid!" Die platteland was gedemoraliseer en daar het ŉ onderdrukte ontevredenheid onder die jonger generasie Afrikaners geheers wat moes toekyk hoe hulle in ŉ tyd van nood nie opgewasse was teen mense met

104 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg, Pretoria – W.J. Leyds, 24.10.1934.

buitelandse opvoeding en kundigheid nie. Mens sou nie kon verwag dat die jonger geslag, in sulke omstandighede, onbevooroordeelde aandag sou gee aan 'n "eeuwig gisteren" nie. Elkeen was begrawe onder die drukkende probleme van die "hede". Engelenburg het ook die Nasionale Party en Hertzog vermeld:

> U zult u kunnen voorstellen hoe de Nationalisties aangelegde kringen in verbijstering staren naar hun afgod Genl Hertzog, die voortdurend wierook zwaait in de richting van Sebion! De toestand's voorwaar is *te* patheties om erover te glimlachen!!!![105]

Engelenburg het aan Leyds geskryf dat hy al dié dinge vertel het sodat hy, Leyds, beter kon verstaan wat in die land aangaan. Of miskien, het Engelenburg gemeen, was hy swartgallig omdat hy oud en sieklik was en nouliks 'n leesbare brief kon skryf. Hy het Leyds verskoning gevra omdat hy so driftig geskryf het, maar dat dit hom goed gedoen het om nou en dan stoom af te blaas.[106]

Engelenburg was van mening dat die Unie se ministers hulle taak gemaklik opgeneem en hulle bedrywighede gekonsentreer het op partybelange en "platform-slimheid". Almal was, soos van ouds, virtuose in die orkes van partypolitiek. Hy het vermoed dat Leyds as staatsekretaris van die ZAR destyds harder gewerk het as al die huidige regeringspersoneel gesamentlik. Engelenburg het ook gemeen dat een van die weinige ministers in die Unie-kabinet wat gesorg het dat hy op die hoogte gebly het van wat in sy departement aangegaan het, dr. D.F. Malan was – die leier van die opposisieparty.[107] Leyds se kommentaar op dié brief was dat dit waar was dat hy hard moes werk. Niemand anders kon dit doen nie. Die enigste ander persoon wat hy gemeen het die nodige werkkrag en bekwaamheid gehad het, was Jan Smuts.[108]

**Engelenburg en Leyds se gesondheid in hulle laaste jare**

Engelenburg en Leyds het in die laaste jare voor Engelenburg se dood voortdurend oor hulle siektetoestande gefilosofeer. Uit die briewe kan afgelei word dat hulle vriendskap, wat in 1889 in Pretoria begin het, deur die jare verdiep het. Hulle was geesgenote en die openhartigheid het

105 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg, Pretoria – W.J. Leyds, 24.10.1934.
106 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg, Pretoria – W.J. Leyds, 24.10.1934.
107 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg, Pretoria – W.J. Leyds, 21.07.1936.
108 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, W.J. Leyds, Den Haag – F.V. Engelenburg, 19.08.1936.

soms selfspot ingesluit. Engelenburg het byvoorbeeld geskryf dat noudat hy self ondervind het wat dit was om gebuk te gaan onder fisieke minderwaardigheid, hy geleer het om simpatie te koester vir ander wat gely het onder swak gesondheid. Toe hy nog normaal was en as "werkdier" sy bestaan gemaak het, het hy in dom oormoed neergesien op mense wie se liggame deur siekte geteister was. Hy het sy kinderagtige houding betreur en homself verwyt oor sy gemis aan deernis en barmhartigheid.[109] Toe hy vroeër honderd persent gesond en werklustig was, het hy met 'n gevoel van "superioriteit" neergesien op mense wat met die een of ander kwaal gesukkel het. Sedertdien het sy mentaliteit heeltemal verander en was sy gemoed toeganklik vir medelye met die talryke sterwelinge wat gely het aan liggaamsgebreke en kwale. Hy het gemeen dat siekte en verdriet teerhartigheid kweek wat vir die gesonde persoon 'n geslote boek is.[110]

> Vandaag weet ik eerst recht hoe uiterst egocentrisch een gezond mensch kan wezen!!![111]

Engelenburg het erken dat 'n druk en ryk joernalistieke lewe nouliks reumatiese kwellinge en 'n slegte humeur kon goedmaak.[112] Hy het ook erken dat hy op sy oudag baie fout gevind het met die jongmense.

> Mischien ben ik een horribele oude zwartziener; maar in mijn Pretoriase omgeving zijn vandaag de kleinkinderen zeldzaam, die vreugde weten te verschaffen aan hun grootvaders!! U ziet, ik behoor tot de onverdragelike grijsaards, die opgegroeid zijn op verre afstand van het jonge geslacht en daarvan alleen fouten willen zien![113]

Die briewe tussen Engelenburg en Leyds en die openlikheid waarmee hulle hul liggaamlike skete met mekaar bespreek het, toon die diepe vriendskap wat daar tussen hulle was. Engelenburg het aan Leyds geskryf dat daar omtrent nie 'n dag verbygegaan het dat hy nie dankbaar was dat hy sy oudag in Pretoria kon deurbring waar 'n milde klimaat en 'n ryk verlede hom omring het nie. Hy het stilletjies voortgesukkel en in betreklike afsondering in sy afgeleë woning aan die bokant van Pretoria woon. Engelenburg het gemeen dat *senile decay* (siniele verval) by hom ingetree het.[114]

---

109 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg, Pretoria – W.J. Leyds, 08.10.1934.
110 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg, Pretoria – W.J. Leyds, 12.12.1934.
111 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg, Pretoria – W.J. Leyds, 08.05.1935.
112 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg, Pretoria – W.J. Leyds, 22.04.1936.
113 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg, Pretoria – W.J. Leyds, 14.11.1935.
114 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg, Pretoria – W.J. Leyds, 07.11.1934.

> De geestkracht om nog editeur te spelen schiet te kort, wanneer ik telkens aan de pomp moet staan om het schip drijvende te houden.[115]

Hy het aan Leyds geskryf dat hy al geruime tyd las gehad het van "haemorrhoïden" (aambeie) wat skielik so erg geword het dat hy sonder versuim in die Rooi Kruis-hospitaal opgeneem is om ʼn "noodzakelijke operatie" te ondergaan. Ná vier weke was hy weer by die huis, maar nog nie heeltemal genees nie.[116] Hy het ook vertel dat Izaak Wallach se skoonsuster, suster Liesching, ʼn beroepsverpleegster was en dat sy die huishouding van Het Witte Huis oorgeneem het – huis, tuin met blomme, hond en ʼn halfdosyn hoenders wat voortdurend kuikens gehad het. Dit het hom vermoei om in Pretoria rond te loop, maar hy het wel nou en dan na Johannesburg gery en het selfs eenkeer bioskoop toe gegaan. Verder het hy besoek van bekendes ontvang, maar merendeels het hy uit sy groot slaapkamer, wat op die stoep uitgaan, na Pretoria gekyk wat al soos ʼn stad begin lyk het en wat in ʼn oostelike rigting uitgebrei het langs die ou Middelburg-pad. Engelenburg het Leyds meegedeel dat hy die slaapkamer in 1922 aangebou het. Toe sy vader in 1920 oorlede is en hy ʼn bedrag geld uit die boedel gekry het, was hy lus om ʼn groot slaapkamer by sy woning aan te bou met ʼn groot venster na die noorde sodat die winterson ruimskoots kon inskyn:

> Deze kamer is nu mijn toeverlaat; ik breng daar het grootste deel van mijn dagen door en zit te lezen onder een grote en sterke elektriese lamp, die ik uit Europa liet komen.[117]

Engelenburg het menigmaal aan Nice en Cannes gedink, want in sy tuin het ʼn palmboom gegroei wat president Kruger in ʼn paraffienblik geplant het tydens sy verblyf naby Cannes. Die boom, toe nog baie klein, het Bredell ná Kruger se dood na Transvaal saamgebring en aan Engelenburg geskenk. Wanneer hy in die oggende uit sy slaapkamer op die stoep uitgestap en na Pretoria se middestad afgekyk het vanaf sy hooggeleë woning, het die historiese palmboom hom toegegroet.[118]

Engelenburg het aan Leyds geskryf dat hy sy geneesheer al dikwels tevergeefs gevra het wat die natuur eintlik bedoel het om ouer mense so te straf met "gebreken van de ouderdom", asof ou

[115] NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg, Pretoria – W.J. Leyds, 07.11.1934.
[116] NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg, Pretoria – W.J. Leyds, 04.12.1934.
[117] NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg, Pretoria – W.J. Leyds, 12.12.1934.
[118] NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg, Pretoria – W.J. Leyds, 21.07.1936.



Illustrasie 112: Suster Liesching, die skoonsuster van Izaak Wallach, en F.V. Engelenburg voor Engelenburghuis. Desember 1935. Bron: W.J. Leydsversameling, Nationaal Archief, Den Haag, 97, vol. 48.



Illustrasie 113: Engelenburg in sy latere jare op die stoep by Engelenburghuis. Bron: Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling.